

23 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 20 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 20:6

Geloofsvertroue

Psalm 20 is een van die Psalms, wat ons graag as seënbede vir mense toesing. Heel gepas, want Psalm 20 is juis vir hierdie doel geskryf is. Om as gebed of, beter gestel, seënbede toegesing te word vir die koning van Israel. Dit het ontstaan in die tyd van Dawid en is voor 'n groot veldslag hom toegesing. Maar hoor ons vandag die geloofsvertroue waarmee hulle dit gesing het?

“Ons sal juig oor u oorwinning en in die Naam van ons God die vaandels ontplooi.” Hulle is seker van die oorwinning van die koning, omdat hulle weet waar Dawid sy krag kry. By God Self. Dit is die Here wat verhoor en beskerm, te hulp kom en bystaan. Die klem val nie op die oorwinning van die koning nie, maar op God wat aan hom die oorwinning gee. Hy is die bron van mense se sekuriteit. Sonder Hom is alle menslike pogings tevergeefs.

So seker is hierdie geloofsvertroue wat in vers 2-6 uitgespreek word dat ons elkeen van hierdie bedes of wense wat hier uitgespreek is, byvoorbeeld “*mag die Here u gebed verhoor*”, se werkwoorde as blote stellings van feite kan vertaal: *Die Here sal u gebed verhoor, u beskerm, u te hulp kom, aan al u offers dink, en u bystaan.*

Dit is die geloofsvertroue waarin die bedes van Psalm 20 uitgespreek word. Die vertroue waarmee ons dit ook vir mekaar in die krag van Christus se oorwinning mag en moet toesing.

Sing: Psalm 20:1-5 (1936)

Ds MJ Erasmus (Pretoria-Wonderboom-Suid)